**WOENSDAG 15 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 18:1-30 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 18:1, 2, 17**

## Ek het U hartlik lief, Here!

Psalm 18 is 'n danklied wat koning Dawid geskryf het vir redding uit die mag van verskillende vyande en veral uit die hand van koning Saul.

Watter vyande is daar op jóú lewenspad vandag? Dalk is daar iemand wat jou jaag, maar daar is ook geestelike vyande waarvan jy gered moet word. Dink aan vyande soos verdriet, verlange na 'n geliefde, eensaamheid, vertwyfelinge, versoekinge, kleingeloof, allerlei sondige praktyke …

Dawid besing in hierdie Psalm die besondere band tussen hom en die Here. Die Here is sy sterkte, rots, bergvesting, redder/verlosser, God, skuilplek en skild. Daarmee sê Dawid dat hy in die geloof die weldade van die Here sy eie gemaak het. In verse 7-16 sê hy dat toe hy benoud was, het hy die Here geroep en die Here het gehoor en hom selfs met almagswerke (aardbewings, vuur, wind, hael en weerligstrale) verlos.

As God wat 'n ewige verbond met sy kinders het, het Hy met die gérub (= 'n engel) op die verbondsark in die tempel gery om Dawid te verlos (vs 11). "Hy het uit die hoogte sy hand uitgestrek, Hy het my gegryp …" (vgl. vs 17). Die duisternis wat hom omring, het die Here opgeklaar en sy lampie skyn al weer omdat die Here hom weer moed gegee het om die bende vyande storm te loop (vs 29, 30).

God het uit die hoogte sy Seun gestuur wat ons volkome van al ons vyande verlos het. Deurdat Jesus Christus vir sondige mense soos ek en jy (vyande van Hóm!) gesterf en versoening gedoen het, het God sy liefde en trou aan ons bewys. Nou dat ons versoende mense is, sal God sy hand mos nóg meer uit die hoogte strek om ons te red!

Daarom moet ek en jy vandag – net soos Dawid destyds – 'n eenvoudige geloofsbelydenis doen deur te sê: "Ek het U hartlik lief, HERE, my sterkte!"

*Sing: Psalm 116:1, 9, 10*
*Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)*